# Ek is… ’n Duisend redes hoekom ek hom kan liefhê.

### Ek is … Regverdig

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 26 Julie 2026

### Wat bepaal jou lewe?

Wat is die grootste faktor wat die verloop, en die vrug van ’n mens se lewe bepaal?

Dit sal goed wees om eendag te hoor dat jy wys was, kundig… in jou werk, of ’n vaardigheid, kuns, verhoudings…

Of dat jy ’n sterk mens was. Jy kon aanhou. Min dinge kon jou onderkry. Of sterk in die sin dat jy ’n groot invloed uitgeoefen het, gesag…

Of natuurlik dat jy geweet het hoe om te werk met jou geld… Jou testament, jou polisse het ’n paar trane by die roudiens afgedroog.

Wysheid, sterkte en finansiële stabiliteit… Dis die dinge waarvoor ons werk en waarvoor ons almal hoop. Maar in hierdie reeks dink ons oor iets baie meer fundamenteel… Daarom die titel: *Wat ek glo oor die groot EK IS, bepaal wie ek is*… Nie wysheid of kundigheid nie, nie sterkte en gesag of invloed nie, nie finansiële sukses nie, nee, wat ek dink en glo oor hoe God is, en wanneer dit wat ek oor God glo my besluite en gewoontes beïnvloed, dit sal bepaal wie ek is.

En veral wanneer daardie pilare begin skud.

Ek lees op die oomblik deur Jeremia—wat ’n boek.

Dit dateer uit so ongeveer 600 v.C.—die tyd net voor Jerusalem deur die magtige Babiloniese leër ingeval is. Daar is morele en godsdientige verval, onsekerheid, korrupte leierskap. Hoofstuk 9 beskryf baie van die bedrog en donkerte.

Wat maak ’n gewone mens in sulke tye? Jy weet ’n ingrypende, katastrofiese verandering, verlies, ontwrigting, ontworteling is voor die deur. Jy gaan alles verloor. Alle sekerheid is weg. Niks bly oor nie. Waarna gryp jy?

In Jerusalem in daardie krisis sou sekerlik mense gewees het wat selfverontskuldigend was: "Ek verdien nie wat nou met my gebeur nie. Ek het my kant gebring, ek het die offers gebring. As my lewe uitmekaarval, dan is die fout nie by my nie; dan is die lewe onregverdig, dan moet

die fout by God wees. Hy is onregverdig." ’n Persoon wat nie in sy eie onskuld kan twyfel nie, moet noodwendig in God se regverdigheid twyfel.

Daar sou harde opportuniste wees wat lankal opgehou om te vra na reg of verkeerd: ”Dis nie nou tyd vir godsdienstige praatjies nie. Ek maak planne..." In tye van ekonomiese druk kry menslike regverdigheid dikwels ’n donker nuwe betekenis. Jy beskerm jou eie belange, ongeag: “Die lewe is nie regverdig nie, ek ook nie. Moenie met my oor regverdigheid kom praat nie. kyk wat is besig om te gebeur... niks is regverdig nie. God, godsdiens maak nie sin nie.”

Daar sou sekerlik ook toegewyde en opregte gelowiges gewees het. Hulle hart is stukkend oor die onreg wat hulle rondom hulle sien. Hulle verstaan nie waarom die bose voorspoedig is en die opregte ly nie. Hulle is nie besig met selfverontskuldiging nie, maar met diep ootmoed worstel hulle, treur hulle, maar hulle weier om die hand van die HERE te los. So ’n mens se enigste behoud is die oortuiging wat vir hom hoop bring: God is regverdig, God is goed.

Dis in hierdie krisis in Jerusalem wat ons van die grootste woorde uit die mond van God hoor. Deur Jeremia gee Hy raad, en sy raad geld nie net vir die Jode wat op die punt is om alles te verloor nie, dis verhewe raad, dit geld vir alle mense, deur alle eeue, in alle omstandighede...

**Jeremia 9:23-24**

So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie. Maar laat hy wat roem, hóm hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in hierdie dinge het Ek ’n behae, spreek die HERE.

Wat is die een ding wat my lewe sal bepaal? Om te glo dat God goed en getrou is, altyd reg doen, en altyd regverdig is... en om alles in my lewe daarvolgens te hanteer.

Dit bly die ding wat die Bose van die begin af wou regkry, dit wat die hele menslike krisis ontketen het, dat ’n mens sal twyfel of God goed en getrou is, of Hy altyd reg doen, en altyd regverdig is...

**Génesis 3:1**

Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?

Die groot fluisteringis nie dat God nie bestaan nie, maar eerder dat God nie regverdig is nie. Hierdie eerste twyfel aan God se karakter is die saad wat geplant word in elke krisis wat ’n mens beleef.

Daarom, wat ons in vanoggend se boodskap gaan doen is om onsself as’t ware in te laat ent om bestand te wees teen die virus van verkeerde idees oor God se regverdigheid. Ons gaan die Skrif as medikasie neem, voorkomend en genesend. Ek dink aan wat Jesus na sy kruisiging en opstanding met die twee moedelose dissipels op pad na Emmaus toe gedoen het...

**Lukas 24:27**

En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.

**Psalm 107:20**

Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red.

Sal jy saam met my net jou gedagtes ontvanklik maak om dit wat die Skrif oor God se regverdigheid sê?

Ek gaan nie eintlik preek nie, maar probeer doen wat Jesus met die twee dissipels op pad na Emmaus gedoen het, net van Skrif tot Skrif gaan in die hoop dat dit ons elkeen kan versterk.

Kom ons begin by ’n paar verse waarin ons sien…

- 

**Om God se regverdigheid te bevraagteken gebeur van die begin af met alle mense.**

In krisisse is ons almal geneig om onsself so te probeer regverdig dat ons uiteindelik vir God kan begin beskuldig.

Ons almal kom waar Job was… Om te voel dat as ek reg probeer lewe en dinge gebeur wat my lewe ruk, ek ly, ek het seer, dan moet die fout by God lê. God sê vir Job in…

**Job 40:3**

Wil jy werklik my reg verbreek, My veroordeel, dat jy gelyk kan hê? (OV v 3)

Jy sê Ek het verkeerd gedoen, want as jy kan bewys Ek is skuldig,

is jy mos onskuldig. (LB v8)

Dis asof ons nie kan glo dat bose dinge kan gebeur, slegte dinge, sonder dat God ’n aandeel daarin het nie. Volgende week praat ons daaroor: Is God dan nie almagtig nie? Kon Hy dit nie verhoed het nie? Maar vir vandag dink ons net oor dit wat Job, en ons almal beleef in sulke tye, “Dis nie regverdig dat ek so ly nie, en daarom sukkel ek om te glo God is regverdig.”

Deel van die medikasie van die Skrif is dat groot helde al in hierdie geloofskrisis was. Jy is nie alleen nie. Die toegewyde Job moes ook wroeg met hierdie saad van twyfel in God se regverdigheid—die Job van wie God gesê het…

**Job 1:8**

Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: ’n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad.

Die feit dat slegte dinge goeie mense tref het niks te doen met of God regverdig is of nie, dit het te doen met die stukkendheid van ’n gevalle mensdom, ’n stukkende bestel… “Job, wil jy in jou lyding sê God is onregverdig? Job, moenie die antwoorde en oplossings vir jou krisis soek met daardie Genesis 3 saad in jou gedagtes nie…”

Terug na Israel. ’n Paar jaar na Jeremia 9 wat ons gelees het, is hulle weggevoer na Babilonië. Die volk is verpletter. En verbitter. Een van die profete, Esegiël, is ook saam met hulle in ballingskap. Sy woorde in…

**Esegiël 18:25**

Nog sê julle: Die weg van die Here is nie reg nie. Hoor nou, o huis van Israel: Is my weg nie reg nie? Is julle weë nie onreg nie?

Israel is nie oop vir die moontlikheid dat hulleself die grootste aandeel het in wat met hulle gebeur. (En ek sê natuurlik nie dis altyd die geval nie). Die punt is net dat ons weer dieselfde saad sien in die mense se gedagtes… God is onregverdig. Oor en oor in die Skrif.

Ongeveer 140 jaar verloop in Israel. Hulle is intussen terug in hulle land. Die tempel is herbou, maar nie een van die profesieë van ’n groot Verlosser, Messias, en die herstel van die glorie van Israel het waar geword nie. Daar is armoede, droogtes, ’n sprinkaanplaag. Korrupte priesters hou ’n vormgodsdiens aan die gang. Die sosiale orde is besig om te verbrokkel deur egskeidings en huwelike met heidense nasies met ander godsdienste. En weer die saad in die hart van die mense: “Óns is nie die probleem nie, God is. Hy is nie regverdig om ons so te laat swaarkry nie.” In dié tyd kom die laaste profeet in die Ou Testament kom aan die woord.

**Maleági 2:17** (LB)

Die Here is moeg vir julle stories. Dan vra julle nog: “Maar hoe kon ons Hom moeg gemaak het?” Dit is omdat julle sê: “Al doen ’n mens sonde, is die Here daarmee tevrede en Hy hou van so iemand.” Verder sê julle ook: “As God regverdig is, waar bly Hy dan wanneer daar onreg gepleeg word?”

Dieselfde saad as in die begin: “Jy kan God nie vertrou nie…”

Jesus beskryf hierdie ingesteldheid met die gelykenis van ’n man wat sy talent begrawe het in…

**Matteus 25:24-25**

Toe kom die een wat een goue muntstuk ontvang het, en sê: ‘Meneer, ek ken u en weet dat u ’n harde man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar u nie geplant het nie. Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe.

Hierdie man se hele lewe word bepaal deur sy skewe beeld van sy heer. Hy glo sy heer is onregverdig, en dit bepaal hoe hy lewe. Dit vernietig hom.

Kom ons kyk ook tweedens na Skrifgedeeltes wat ons laat sien...

- **Om God se regverdigheid te oordink is 'n anker vir jou geloof en 'n waarskuwing op jou pad.**

In ons almal word die saad van twyfel oor God se regverdigheid gesaai. Om wat die Skrif sê oor God se regverdigheid te glo en oordink is soos 'n medisyne, 'n teenmiddel, in die onvoorspelbare omstandighede van ons lewe . Jou anker lê buite jouself, in wat God oor Homself sê.

Ons is pas klaar met 'n reeks oor Moses. Moses wat God gesien het, intense belewenisse met God gehad het. Groot krisisse beleef het. Wat sê Hy oor God?

**Deuteronómium 32:4**

Hy is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar.

Jy nooit hoef te raai waar jy met God staan nie. Hy is die Rots is, jy kan jou hele lewe op sy karakter bou. Sy regverdigheid is die vaste punt in 'n chaotiese heelal.

**Psalm 89:15**

U troon is gebou op geregtigheid en reg, liefde en trou staan in u diens. (NV)

U is 'n koning wat met reg en regverdigheid regeer; U doen alles met liefde en getrouheid. (LB)

Regverdigheid is nie maar net een van God se eienskappe nie; dit is die fondament, die grondslag van Sy hele heerskappy.

As die fondasie skeef is, sal die hele struktuur van 'n gebou uiteindelik ineenstort. As God nie volmaak regverdig was nie, sou die hele skepping in anargie verval. Die rede waarom daar hoegenaamd iets soos "reg" en "verkeerd" bestaan, is omdat God se heerskappy op geregtigheid berus.

Daarom leef 'n die hoop en oortuiging dat onreg nooit die laaste sê sal hê nie. Selfs wanneer jy sien hoe die bose in hierdie wêreld triomfeer, die fondament bly vas en die dag van herstel kom. God se bestendige regverdigheid is jou ewige anker.

Maar hierdie anker is terselfdertyd 'n heilige waarskuwing. Omdat God regverdig is, kan Hy nie gemanipuleer word nie.

Toe die Gees vir Petrus na ’n bonatuurlike gesig oor rein en onrein diere lei om die evangelie vir die eerste keer aan heidene te gaan verkondig, sê Petrus...

**Handelinge 10:34-35**

Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie.

Ek kan nou sien dat God almal werklik eenders behandel, 35want uit elke volk neem Hy die mense aan wat Hom eer en doen wat Hy wil hê. LB

Paulus sê dieselfde in...

**Romeine 2:11**

Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie.

God oordeel alle mense op dieselfde manier. (LB)

God oordeel almal altyd volgens die absolute waarheid. Daar is geen spesiale uitsonderings of oorweging nie. En hierdie besef moet ’n heilige erns in jou lewe inbring, sê Petrus...

**1 Petrus 1:17**

En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap.

Wandel dan in vrees... die diep ontsag wanneer jy glo dat God elke mens se lewe ken, en regverdig oordeel, sonder om iemand voor te trek of te benadeel. Die waarskuwing om jouself nie te mislei nie met ’n vreemde idee dat genade jou sal verskoon om te leef soos jy wil; God sal “verstaan”. Nee, God se regverdigheid bring ’n heilsame vrees, dit word ’n kompas, ’n waarskuwende, rigting-gewende faktor wat jou lewe rig.

Kom ons kyk nou na Skrifverse wat wys:

- **Om in God se regverdigheid te glo maak dat jy vir alle mense omgee omdat God vir alle mense omgee.**

Oor en oor sê die Skrif dat die regverdige God presies dieselfde begeer vir elke mens wat ooit gebore is of gebore sal word, ’n lewe saam met Hom, tot in ewigheid. Sy begeerte is om alle mense te red.

**Die Profete beklemtoon dit**

**Esegiël 18:23**

Het Ek miskien ’n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Is dit nie daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie?

**Esegiël 33:11**

Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle verkeerde weë! Waarom wil julle sterwe...?

**Jesaja 45:22**

Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie.

**Die Evangelies bevestig dit**

**Johannes 3:16-17**

16Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

17Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.

**Matteus 18:14**

So is dit ook nie die wil van julle Vader wat in die hemele is, dat een van hierdie kleintjies verlore gaan nie." (In die konteks van die gelykenis van die verlore skaap).

**Lukas 19:10**

Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.

**Die Briewe verkondig dit**

**2 Petrus 3:9**

Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

**1 Timoteus 2:3-4**

Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

**Titus 2:11**

Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn.

Verse soos hierdie laat ons geen logiese keuse as om seker te maak ons dink nie aan die uitverkiesing as iets wat hierdie duidelike uitsprake oor God se begeerte vir alle mense weerspreek en kanselleer nie. God se fokus is nie beperk tot 'n uitverkore groep mense nie, maar tot 'n uitverkore plan. Die hele mensdom is uitverkies om gered te word, hulle wat die werk van die Gees in hulle lewens ag en oopmaak vir sy redding word deel van hierdie plan wat God uitverkies het en so deel van sy uitverkore gesin. Enige verse oor uitverkiesing kan op hierdie manier verklaar word. Dis fataal om te sê God wil net sommige mense red, asof sy plan op 'n vreemde, onverklaarbare regverdigheid berus wat uit 'n menslike oogpunt na onregverdigheid lyk.

As jy die Skrifverse wat duidelik sê God begeer om alle mense te red op sigwaarde aanvaar en glo het dit 'n radikale implikasie vir hoe jy na jou naaste kyk.

Jy sal self begin begeer dat mense Christus begin volg.

Jy sal self ook nie meer mense net kan afskryf nie.

Dit verander jou gebedslewe, hoe jy aan kerk dink (die leë sitplekke begin jou pla).

Jy begin besef dat God lief is vir elke mens, ook hulle met wie ek 'n probleem het.

Baie mense wonder oor wat van mense sal word wat nooit eers van Jesus gehoor het nie... Sulke soort vrae sal ons hierdie week in Sê La Vie aanpak.

Kom ons sluit af met 'n laaste, baie belangrike ding wat ons by Jesus leer oor God se regverdigheid...

- 

**God se regverdigheid en omgee is nie anders as joune nie, net oneindig groter en volmaak**

Op 'n manier het dieselfde slang van Genesis 3 dit reggekry om in die kerk se geskiedenis 'n idee te laat posvat, 'n teologiese idee, naamlik dat alles wat op aarde gebeur eintlik deel is van God se groot alwyse plan.

Die implikasies is verrykend, en as jy eerlik is, absoluut skokkend en absurd. Want indien hierdie idee waar is, dan moet ons, as ons konsekwent wil wees, elke donker daad van elke mens, elke leuen en elke wrede misdaad, alle oorloë, rampe, ongelukke, moorde, en verkragtings aan God se groter plan toeskryf. En logies, ook alles wat ons as onregverdig beskou, moet ons dan aan God se plan en wil toeskryf. Maar dit weerspreek dan elke uitspraak in die Bybel dat God regverdig is. Hierdie teologie se antwoord is dan dat alles wat onregverdig lyk wel deel is van God se plan, maar dat ons nie met ons menslike verstand God se regverdigheid kan verstaan nie. Dis anders as ons idee van regverdigheid.

Wat 'n onlogiese en skadelike manier om sin te maak van onregverdige dinge wat gebeur. Jesus self het geen ruimte gemaak vir so 'n idee oor God nie. Hy het gesê dat God se regverdigheid nie anders is as hoe ons regverdigheid volgens ons menslike intuïsie en

aangebore gewete verstaan nie. Nee, dis juis God wat ons geskape het met hierdie verstaan van regverdigheid. Ons kry ons sin vir regverdigheid van Hom af.

Dink aan jouself as 'n ouer. As jy ses kinders het, en jy kies vooruit dat twee van hulle jou liefde en voorsiening sal geniet en dat die ander vier bestem is vir jou toorn, sonder dat hulle enige sê daarin het: Sou enigiemand jou regverdig noem? Nee. Selfs God sou so 'n optrede onregverdig noem.

Jou kind vra vir jou 'n brood en jy besluit om vir hom 'n klip te gee… kom ons lees hoe Jesus dit self sê…

**Matteus 7:9-11**

Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee? … As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

Jesus sê: Jou beste menslike instinkte van sorg en regverdigheid is 'n flou afskaduïng van God s'n. As jy weet wat reg is, hoeveel te meer God! Hy is nie minder regverdig as jy nie; Hy is volmaak regverdig. Sy hart is groter as joune, Sy geregtigheid is suiwerder as joune, maar dis nie 'n totale ander soort regvedigheid wat indien jy sulke dinge sou doen dit vir jou onregverdig sou wees nie.

Maar dan kom ons by die kruis. Hier ontmoet regverdigheid en onregverdigheid. En ook ons op aarde verhef en loof iemand as uiters goed en edel wat ter wille van iemand anders ly. Ons sien dit as goed en liefdevol wanneer iemand gewilliglik in iemand anders se plek ly omdat hy hom liefhet. Dis die enigste plek waar onregverdigheid en regverdigheid misterieus naby aan mekaar kom. Dis lyk nie regverdig dat iemand wat dit nie verdien nie ly, die pyn dra wat iemand anders verdien. Maar tog, dis prysenswaardig en liefdevol. As jy 'n misterie in God se regverdigheid wil soek, is die kruis die enigste plek waar so 'n soektog heilsaam en nuttig is. Daar kan ons sê… "Dit het die God van hemel en aarde behaag om sy Seun aan 'n kruis te laat sterf vir 'n sondaar soos ek." Dit lyk onregverdig, o maar hoe genadig is die regverdige God nie!

Wil jy roem? vra die Here deur Jeremia. Roem daarin dat jy My, die regverdige God ken…

**Jeremia 9:23-24**

So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie. Maar laat hy wat roem, hóm hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in hierdie dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.